Kroonstad

Kroonstad het na 'n perd genaamd Kroon. Kroon het behoort aan die groot Voortrekkerleier Sarel Cilliers, wie se museum tans op die dorp is. Die arme Kroon het glo het in 'n moeilgat in 'n stroom beland en versuip. En toe 'n dorp in 1855 daar gestig is, is dit Kroonstad genoem. In 1900 gedurende die Anglo-Boereoorlog was die dorp vir 'n rukhoofstad van die Vrystaat toe die Vrystaatse regering uit Bloemfontein voor die Britse magte uitgewyk het. Kroonstad het egter op die voorgrond gekom toe goud op die plaas St Helena ontdek is – hulle het vir water gebeur 'n Goudstormloop het gevolg, en daarna nywerhede en 'n boerderygemeenskap. Die Noord-Vrystaat, suid van die Vaalrivier, beskik oor goeie grasveld en reën, wat dit besonder geskik maak vir beesboerdery en die verbouing van mielies. Afgesien van die nywerhedrywighede, bly dit 'n uitstekende landbougebied.

Die Afrikaanse Hoërskool

STIGTINGSDATUM: 1957
LEUSE: WERK VEREDEL
ADRES: DU TOITSTRAAT, KROONSTAD
WWW.ROOISKOOL.CO.ZA

FNB

Skoolgeskiedenis

Daar is twee prominente skole in Kroonstad wat aan hul kleure uitgeken word. Die Afrikaanse Hoërskool staan bekend as die Rooiskool. Dis in 1957 gestig, en het 560 leerlinge, onder wie 240 seuns. 'n Koshuis verskaf huisvesting aan 200 leerlinge.

Rooiskool Rugby

Die skool het sedert 1957 drie hoofbreiers gehad. Piet Erasmus het van 1957 tot 1981 afgerig. Van 1981 tot 2001 het Jerry Erasmus saam met Gert Kotzé die leisels oorgeneem. En van 2002 tot nou rig Erasmus saam met Eric Scriven af. Hul resultate was uitstekend. Sedert 1964, toe die eerste Cravenweek gehou is, het die Rooies 65 Cravenweekspelers opgelewer. Drie Rooies is vir SA Skole gekies: Rodney van Vuuren, Braam Els en Jaco Barnard. Els was vir drie jaar agtereenvolgens by die Cravenweek. Drie oudleerlinge het vir Suid-Afrika gespeel Jan Schlebusch, Kulu Ferreira en Braam Els. In die jare negentig was die eerste span twee keer onoorwonne. Die skool het die Noord-Vrystaatse Liga in 1993, 1994, 1995 en 1997 gewen. In 1991 het hy in die finaal verloor. Van 2003 tot 2007 het die skool die liga oorheers; hy het vyf jaar agtereenvolgens gewen. In 2005 het hy net een keer verloor – teen die Virginia-Rugbyakademie (nou bekend as Harmony). Die Rooies se grootste opponent is Hoërskool Kroonstad, oftewel die Blouskool. Die interskole lok jaarliks duisende ondersteuners.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Jan Schlebusch, Kulu Ferreira, Braam Els

"Ons het in die laaste tyd besonder goed presteer. In die afgelope tien jaar het ons 87 persent van ons wedstryde gewen, en selfs die Griffons-liga ingepalm. Hierdie soort rugby lewer uitmuntende spelers op, soos onder andere Jaco Barnard en Braam Els."

— Jerry Erasmus
(breier vir 25 jaar van 1982 tot 2007)

"Rooiskool was betreklik klein toe ek daar was. Ons het gesukkel met getalle en goeie breiers. Maar die skoolgees en belangstelling in rugby is hoofsaaklik vanweë die derby teen Blouskool aangewakker. Die derby verdeel in der waarheid die dorp – gelukkig in 'n goeie gees, wat baie herinner aan die Interskole in die Paarl, wanneer Boishaai en Paarl Gim mekaar pak. Die stryd tussen die Rooies en die Bloues is goed vir Kroonstad, en dit sal nog lank so bly, want dit word deur die regte rugbygees aangevuur."

— Kulu Ferreira (1975–77)



Daar is 'n ongelooflike atmosfeer by Interskole. Die hele dorp raak letterlik betrokke, en skares van meer as 10 000 is niks ongewoons nie. Jerry Erasmus het ons afgerig en my so baie van die spel geleer. Ons het nuwe 1ste span spelers verwelkom met 'n pakslae met 'n atletiek-spykerskoen! Dit was alles deel van die spanbouproses.

— Braam Els (1988–90)